

Mev Angie Motshekga.
Minister van Basiese Onderwys



Mnr Enver Surty.
Adjunkminister van Basiese Onderwys

Hierdie Reënboog-Werkboeke vir die Resepsiejaar (Graad R) maak deel uit van die Departement Basiese Onderwys se strategie om Suid-Afrikaanse kinders se skoolprestasie `n hupstoot te gee. Navorsing toon dat kinders wat voor Graad 1 aan stimulerende aktiwiteite blootgestel word, deur hul primêre en sekondêre skooljare heen akademies beter presteer. Daarom fokus die Departement so sterk op leer in Graad R.

Die Grondslagfase-kurrikulum verg dat Graad R-leerders die geleentheid moet ontvang om die vaardighede wat hul aanleer van lees, skryf en wiskunde voorafgaan, te ontwikkel, en identifiseer die vaardighede wat hulle nodig het om die vaste opvoedkundige grondslag te verkry waarop hulle in Graad 1 en sal kan voortbou.

Die Graad R-Werkboeke is dus daarop gemik om kinders te help om die vaardighede en sleutelbegrippe te ontwikkel wat hulle nodig het om `n stewige grondslag vir leer te vestig. Die boeke is propvol geleenthede vir kinders om die vaardighede wat hulle op formele skoolopleiding sal voorberei, te ontwikkel en in te oefen.

Voordat kinders formeel leer lees, het hulle nodig om te leer hoe om `n boek vas te hou en die bladsye om te blaai. Hulle moet verstaan hoe boeke werk. Hulle moet die verhouding tussen die woorde en die prente in `n boek leer ken, en besef dat woorde op `n bladsy uit klanke bestaan en betekenis het. Net so moet hulle, voordat hulle leer skryf, hul fyn motoriese koördinasie ontwikkel en begin oefen hoe om vorms op papier te maak. Van daar af moet hulle tot die vorming van letters oorgaan. Dit is juis hierdie vaardighede wat die Werkboeke wil ontwikkel.

Ons weet almal dat kinders nie teen dieselfde pas leer nie. Die Graad R-Werkboeke maak dit vir onderwysers moontlik om teen leerders se individuele pas te werk, en om waar nodig vorentoe en agtertoe in die boek te werk volgens elke kind se unieke ontwikkeling. Die aktiwiteite sal onderwysers ook help om struikelblokke te identifiseer wat kinders in hul leerproses mag ervaar, sodat sulke struikelblokke oorkom kan word voordat die kind sy of haar formele skoolloopbaan aanpak.

Die Werkboeke integreer die onderrig van geletterdheid, gesyferdheid en lewensvaardighede oor 20 temas heen. Jong leerders se belangstelling word op prettige, boeiende wyses vasgevang. Ons hoop dat u leerders dit sal geniet om die Werkboekaktiwiteite deur te werk namate hulle groei en leer, en dat u, as hul onderwyser, hul genot sal deel.





Rainbow WORKBOOKS

AFRIKAANS HOME LANGUAGE
GRADE R - BOOK 1
TERM 1
ISBN 978-1-4315-0690-3

THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.



Graad R WERKBOEK I

Naam:

Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

WERKBOEK IN AFRIKAANS

Boek 1

Kwartaal 1

Alfabet

Aa Bb Cc Dd Ee Ff

Gg Hh Ii Jj Kk

Ll Mm Nn Oo Pp

Qq Rr Ss Tt Uu

Vv Ww Xx Yy Zz

VERJAARSDAGKALENDER

Januarie

Februarie

Maart

April

Mei

Junie

Julie

Augustus

September

Oktober

November

Desember

Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
First published in 2012

ISBN 978-1-4315-0690-3

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

This book may not be sold.

Graad R

werkboek

1	Alles oor my	2
2	My liggaam	12
3	Hoe om skoon te bly	22
4	My gesin	32
5	My vriende	42





Hierdie boek behoort aan:



AFRIKAANS

Boek 1

Kwartaal 1

1

Alles oor my

Plak die plakkertjies op die regte plekke.



My sintuie:



proe



sien



ruik



luister



voel



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels oor wat jy sien.
Hoeveel kinders is daar?
Watter kinders is lank?
Watter kinders is kort?
Wat doen hulle?
Wat doen jy graag?
Wys na die kinders wat ruik en proe.
Wys na die kinders wat luister en kyk.
Soek al die vlinders.
Kleur die blomme in verskillende kleure in.



Ons skryf

Plak die plakkertjies op die regte plekke.
Trek die lyn eers met jou vinger en dan met 'n potlood na.

Help die seun om sy fiets te kry.



Help die meisie om haar bal te kry.



Trek die tou tot by die vlieër na.



Bestuur die motor skool toe en weer terug huis toe.







Vir bykomende oefening kan leerders hul lyne 'n paar keer met verskillende kleure natrek.





Ons doen

Staan soos die seun in hierdie prent.
Met watter hand skryf jy?
Met watter voet skop jy?
Wys jou regterhand.
Wys jou linkerhand.
Stamp jou regtervoet.
Stamp jou linkervoet.



voor



agter





linkerhand



regterhand

linkervoet

regtervoet



Ons skryf

Trek jou linkerhand na en tel dan jou vingers.



links



Gebruik dan lipstiffie of verf om jou vingerafdrukke in die raampies te maak.





Ons skryf

Trek jou regterhand na en tel dan jou vingers.

regs



Gebruik dan lipstiffie of verf om jou vingerafdrukke in die raampies te maak.



Ons skryf

Plak sintuie in blokkes en trek dan 'n streep van elke handeling na die sintuig wat jy sal gebruik.



Ons doen

Watter geluid maak dit?
Maak die geluid, en omkring dan die dinge wat harde geluide maak.





















Merk die blokkies waarin daar 1 ding is.
Klap jou hande een maal elke keer wanneer jy 1 ding sien.



Oefen die syfer 1.

Ons skryf Trek die syfer na. Soek en omkring al die 1's.

1	1	5	1	1	2
	2	2	2	2	3
	1	3	2	1	5
	2	4	1	2	4

Ons skryf Kies die prentjies wat by mekaar pas.



2 My liggaam



Plak die plakkertjies op die regte plekke.



kop

skouer

arm

hand

knie

been

voet





Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels oor wat jy sien.
Weet jy waar jou kop, skouers, knieë en tone is?
Maak met jou maat beurte om na julle liggaamsdele te wys en vir mekaar te sê
wat dit is.
Van watter liggaamsdele het jy net een?
Van watter liggaamsdele het jy twee?



Ons skryf Teken jouself. Wys na jou kop, arms, bene en lyf.

Skryf jou naam:



Ons doen Klap jou naam. Gee een klap vir elke klank in jou naam.



Ons skryf

Knip die arms en bene uit en plak hulle in om hierdie prentjie te voltooi. Kleur die prentjie dan in.









Ons sing



Klap, klap, klap!
Klippertjie kappertjie
kap, kap, kap.
Mondjie
happertjie
hap, hap, hap.
Voetjie skoppertjie
handjie klappertjie.
Happertjie
skoppertjie
klap, klap, klap.





Ons doen

Trek die toutjies van die ballonne na.
Watter ballon het die kortste toutjie?
Watter ballon het die langste toutjie?







Trek sonder om jou potlood op te lig die lyne na om hierdie skoenveters vas te maak.



Ons skryf

Soek die gesigte wat dieselfde gevoel as die gevoel in die eerste prentjie wys.







Ons doen

Waarheen kyk hierdie kinders? Beweeg jou oë sonder om jou kop te beweeg, totdat jy in dieselfde rigting as die kinders kyk.



Plak die plakkertjies op die regte plekke.

Ons skryf Trek die lyn eers met jou vinger en dan met 'n potlood na.

Help die baba om sy teddiebeer te kry.

Help die hond om sy been te kry.

Help Anita om haar boek te kry.

Help die baba om na haar ma toe te kruip.

Vir bykomende oefening kan leerders hul lyne 'n paar keer met verskillende kleure natrek.



Ons doen

Doen wat hierdie kinders doen.

staan met jou hande op jou heupe. 	raak aan jou knieë. 	raak aan die teenoorgestelde voet. 	raak aan die teenoorgestelde skouer.
kruis jou arms oormekaar. 	raak aan jou maag. 	raak aan jou neus. 	raak aan jou tone. 
steek albei jou hande in die lug. 	raak aan jou kop. 	raak aan jou skouers. 	steek jou arm uit. 



Ons tel Omkring die blokkies waarin daar 2 dinge is.

		
		
		

Oefen die syfer 2.

2 2 2



Ons skryf Trek die syfer na. Soek en omkring al die 2's.

2

2	3	1	2	1
2	1	2	1	3
1	3	2	1	2
2	4	1	2	4



Ons skryf Kleur nog 2 blokkies in elke ry in, en tel dan die ingekleurde blokkies.







3

Hoe om skoon te bly



Plak die plakkertjies op die regte plekke.



















Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels oor wat jy sien.
Wys na die kinders wat hierdie dinge doen:

- haar hande was
- sy tande borsel
- sy ore was
- haar hare was
- aantrek
- homself afdroog

Kan jy die eend kry?



Ons doen

Trek die lyne na om uit te vind wat hierdie kinders doen om skoon te bly.



















Ons doen Knip die stukkies van die legkaart uit en pas hulle dan weer inmekaar.



Ons doen Bou die legkaart.





Ons skryf

Teken 'n prentjie om te wys wat jy doen om skoon te bly.



Ons skryf

Kan jy die tandepasta in hierdie prentjie kry? Kleur dit rooi in.
Trek die lyne na en tel hoeveel ander dinge jy kan sien.



Ons skryf

Omkring in elke ry die prentjie wat nie pas nie.
Sê vir jou maat waarom die prentjie nie pas nie.











Ons tel Tel hoeveel daar van elke ding is.



Kleur nou die kolletjies in om te wys hoeveel daar is.









Oefen die syfer 3.

3 3 3



Ons skryf Trek die syfer na. Soek en omkring al die 3'e.

3

3	2	1	2	1
2	1	3	1	3
1	3	2	1	2
2	1	3	2	3



Ons skryf Kleur 3 in elke ry in.





4

My gesin



Plak die plakkertjies op die regte plekke.



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels oor wat jy sien.
Wys na die mense en sê wie hulle is.
Wat doen elke persoon in die prentjie?
Wie eet?
Wie speel?
Wie was skottelgoed?
Wys na al die seuns in die prentjie.
Wys na al die meisies in die prentjie.



Ons skryf

Plak die plakkertjies op die regte plekke in.
Trek die lyn eers met jou vinger en dan met 'n potlood na.

Help die sprinkaan om na die blom toe te spring.



Help die muis om die kaas te kry.



Help die slak om die blaar te kry.



Help die vis om die wurm te kry.





Vir bykomende oefening kan leerders hul lyne 'n paar keer met verskillende kleure natrek.



Ons skryf

Soek en omkring die prentjies wat dieselfde as die prentjies in die eerste raampie is.













Ons skryf



Teken 'n rooi appel in die raampie.



Teken 'n oranje lemoen in die raampie.



Teken 'n groen ballon in die raampie.



Teken 'n blou potlood in die raampie.



Ons skryf

Soek die vorm wat dieselfde as die vorm in die eerste raampie is.
Kleur dit dieselfde kleur in.













Ons skryf

Teken 'n prentjie van jou gesin. Vertel vir jou maat wie elk van die mense in die prentjie is.





Ons skryf

Soek en omkring die eerste letter van jou naam.

A B C D E F G H I J K L M

N O P Q R S T U V W X Y Z

Ons skryf

Trek die vorms na en kleur hulle in om die patrone te voltooi.









Kan jy jou eie patroon maak?



Ons tel

Tel die vorms en kleur die regte getal kolletjies in.
Trek dan die regte syfer na.











Ons tel

Tel die items en omkring die regte syfer.



1	2	3



1	2	3



1	2	3



1	2	3



1	2	3



1	2	3

5

My vriende



Plak die plakkertjies op die regte plekke.











Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels oor wat jy sien.
Wys na die kinders wat met hulle maats speel.
Hoe moet 'n goeie maat wees?
Het jy 'n goeie maat?
Wat doen julle wanneer julle speel?
Wie is op die swaai?
Wie is op die glyplank?
Wie is in die boomhuis?
Wie klim?
Wie hardloop?
Kan jy hierdie dinge doen?





Ons skryf

Kleur hierdie prent in. Gebruik dieselfde kleure as in die klein prentjie.



Plak die plakkertjies op die regte plekke.

Ons skryf Trek die lyn eers met jou vinger en dan met 'n potlood na.

Help die by om sy korf te kry.



Help die padda om die dammetjie te kry.



Help die voël om sy nessie te kry.



Help die boot om by die eiland uit te kom.





Vir bykomende oefening kan leerders hul lyne 'n paar keer met verskillende kleure natrek.

Ons skryf

Omkring die prentjie in elke ry wat nie pas nie.
Sê vir jou maat waarom dit nie inpas nie.











Ons doen

Doen wat hierdie kinders doen.

sit





spring

spring tou



hardloop



huppel



maak skoene vas



rol



loop





Ons doen Omkring die prentjie wat dieselfde as die prentjie in die eerste raampie is.









Ons skryf Trek die vorms na en kleur hulle soos die klein vormpies in.





Ons doen

Trek die lyne na om hulle gunstelingklere te kry. Kleur dan die ballon in wat daarby pas.













Ons doen

Verbind die kolletjies om die prentjie te voltooi. Kleur dit dan in. Soek die plakkertjies met die regte vorms en plak hulle in om die tekening te voltooi.

Plak die plakkertjies op die regte plekke.



Maak boeke. Vou op die stippellyne en knip op die soliede lyne.

Getalle





een



twee



drie

Troeteldiere





hond



kat



vis

4



vier

5



vyf

6



ses

7



sewe



akkedis



voël



hamster



olifant

Ons doen Help die muis om die kaas te kry.



Ons doen Kyk na die twee prente en omkring die verskille tussen hulle.





Uitknipsels



Vingerpoppies:
Kies 1 dier en skryf die eerste letter van jou naam op sy T-hemp. Skryf dan die eerste letters van 4 van jou maats se name op die ander diere se T-hemde.



Getallelegkaarte:
Knip al die kaarte op die stippellyne uit. Sit die prentjies dan by die regte getalle, of by die regte aantal kolletjies. Gebruik die vorms om jou te help.

Legkaart:
Gebruik die agterkante van die prentdomino's en bou die legkaart. Dit help om die buiterande eerste te bou.



Geheuespeletjie:
Knip die kaarte op die swart stippellyne uit. Skommel die kaarte en pak hulle met hul gesigte na onder op die tafel uit. Draai nou twee kaarte op 'n slag om. As hulle by mekaar pas, kan jy hulle eenkant sit. Kyk wie eerste al die kaarte wegpak.

Gebruik jou geheuekaarte en speel "Snap" met jou maat.



Diere van toiletrolle:
Kry 'n paar leë toiletrolle. Knip die reghoeke uit en plak hulle dan op die toiletrolle. Knip nou die koppe uit en plak hulle aan die bokant van die toiletrolle vas. Gebruik die diereplakkertjies en plak die gesigte aan die koppe vas. Plak die bene en stert van elke dier aan die toiletrolle vas. Jy kan ook jou eie diere teken.



MY UITKNIPSELS



Ons doen Knip die bladsy op die stippellyn uit en plak dit dan op die buite-omslag vas om 'n sakkie te maak. Hou jou uitknipsels daarin sodat dit nie wegraak nie.

PLAK HIER VAS

PLAK HIER VAS

PLAK HIER VAS

PLAK HIER VAS

a b c d e f g h i j k l m n o p q r s t u v w x y z
0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29
FOLD
1
2
3
4
5
1
2
3
4
5

GLUE HERE

GLUE HERE

GLUE HERE

GLUE HERE

GLUE HERE

GLUE HERE

GLUE HERE

GLUE HERE

GLUE HERE

GLUE HERE




1
2
3
4
5
























GLUE HEAD HERE

GLUE HERE GLUE HERE GLUE HERE



TEDDY BEAR



RABBIT

GLUE HEAD HERE

GLUE HERE GLUE HERE GLUE HERE



STICKERS

4







3













8









13







18







34













23



33





43



45



50



a	b	c
d	e	f
g	h	i
j	k	l
m	n	o
p	q	r
s	t	u
v	w	x
y	z	a

a	a	l	l
e	e	i	i
o	o	n	n
u	u	t	t

TEDDY BEAR





ARMS





NOSES & MOUTHS





TAILS







EYES

















FACES







ARMS





TAILS





EYES















FACES





RABBIT

